higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

KUNSGESKIEDENIS N5

(3050555)

12 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

225Q1B2012

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KUNSGESKIEDENIS N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord enige TWEE vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Staan ±35 minute af aan elke vraag en vyf minute om te lees.
6. Let op die puntetoekenning as 'n riglyn vir die lengte van jou antwoorde.
7. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
8. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord slegs TWEE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 1: ONTLEDING

1.1 Bestudeer PRENT A aandagtig en beantwoord die vrae.

PRENT A



[Bron: *www.google/images.co.za*]

Banksy, 'Keep Your Coins, I Want Change', Graffiti, 2015

1.1.1 Beskou jy graffiti as 'n kunsvorm? Verduidelik. (3)


1.1.2 Wat dink jy is die kunstenaar se boodskap? (2)

1.1.3 Het hy hierin geslaag? (1)

1.1.4 Bespreek die tegniek en kleur wat in hierdie prent gebruik word en hoe dit tot die effek bydra. (4)

1.2 Bestudeer PRENT B aandagtig en beantwoord die vrae.

PRENT B



[Bron: *www.google/images.co.za*]

Gerard Sekoto, 'Sixpence a Door', olie op doek, 1946–47

1.2.1 Is die perspektief realisties of verwronge ('distorted')? (1)

1.2.2 Hoe is perspektief verkry? (3)

1.2.3 Wat dink jy gebeur in hierdie skildery? Staaf jou antwoord. (4)

1.2.4 Wat is die *fokuspunt*? (1)

1.2.5 In watter soort area speel hierdie toneel moontlik af? (1)

Kopiereg voorbehou

1.3 Bestudeer PRENT C aandagtig en beantwoord die vrae.

PRENT C



[Bron: *www.zenosfrudakis.com*]

Zenos Frudakis, 'Freedom', Bronsbeeldhouwerk, 2001

1.3.1 Waarna, meen jy, verwys die titel Freedom? (1)

1.3.2 Ontleed die simboliek en betekenis van die beeldhouwerk. (4)

1.3.3 Beskryf die effek daarvan om die beeldhouwerk in 'n openbare plek te plaas in stede van in 'n binnenshuise ruimte. (3)

1.3.4 Hoe word ritme verkry? (2)

1.4 Bestudeer PRENT D aandagtig en beantwoord die vrae.

PRENT D



[Bron: *www.google/images.co.za*]

Franz Marc, 'The Large Blue Horses', olie op doek,1911

1.4.1 Watter rol speel kleur in die effek van die skildery? Brei uit op jou antwoord. (4)

1.4.2 Bespreek die gebruik van vorm ('shape'). (2)

1.4.3 Is hierdie komposisie oop of geslote? Staaf jou antwoord. (2)

1.4.4 Dink jy die getal perde is toepaslik? Waarom? (2)
[40]

EN/OF

VRAAG 2

Beantwoord slegs VRAAG 2.1 of VRAAG 2.2.

2.1 PREHISTORIESE KUNS

2.1.1 Noem die stowwe uit die omgewing wat gebruik is vir verskillende kleure verf en ook vir bindmiddels. Gee minstens SES voorbeelde wat gebruik is. (6 × 2) (12)

2.1.2 Verduidelik die betekenis van die volgende terminologie:

(a) Petroglief

(b) Egalitaries

(c) Sjamaan

(d) Kaggen

(4 × 2) (8)

2.1.3 Beskryf en ontleed TWEE voorbeelde van prehistoriese kunswerke wat jy bestudeer het. (2 × 10) (20)
[40]

EN/OF

2.2 VROEË TRADISIONELE SUID-AFRIKAANSE KUNS

Baie Suid-Afrikaanse kunstenaars het in hul skilderye oor die invloed van Europese Kuns en/of Afrika-kuns besin.

Bespreek enige kunstenaar/s wat jy bestudeer het met verwysing na minstens TWEE skilderye wat met hierdie invloede verband hou. (2 × 20) **[40]**

EN/OF

VRAAG 3: HINDOE- EN ISLAMITIESE KUNS

Kies ÓF Hindoe-kuns ÓF Islamitiese kuns en beantwoord die volgende vrae:

3.1 Bespreek die rol wat godsdiens en vorm in hul kunswerke speel. (10)

3.2 Met verwysing na 'n bepaalde voorbeeld, bespreek die argitektoniese eienskappe van godsdienstige geboue. (15)

3.3 Ontleed EEN beeldhou-/skildery-/reliëfkunswerk. (15)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 80

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 4: ANTIEKE EGIPTIESE KUNS

4.1 Godsdiens het die kuns van antieke Egipte grootliks beïnvloed.

4.1.1 Wat was die doel van die balsemingsproses? (5)

4.1.2 Gee die betekenis van *ka* en die rol daarvan in die hiernamaals. (3)

4.1.3 Om watter rede is kunswerk in die grafkelders geplaas? (2)

4.2 Die Nylrivier het 'n belangrike rol in die lewens van Egiptenare gespeel.

Noem VYF maniere waarop die Nyl hul alledaagse lewe en hul kuns beïnvloed het. (5)

4.3 Definieer die term *hiërogliewe*. Verduidelik hoe dit gebruik word. (3)

4.4 Wat is die gepaste term vir die *simbool van lewe*? (2)

4.5 Ontleed EEN beeldhouwerk/reliëfsnywerk uit antieke Egipte in besonderhede. Sluit in:

4.5.1 Die naam van die werk

4.5.2 Materiaal wat gebruik is

4.5.3 Tema en doel

(10)

4.6 Ontleed EEN skildery uit antieke Egipte in besonderhede. Sluit in:

4.6.1 Die naam van die werk

4.6.2 Materiaal wat gebruik is

4.6.3 Tema en doel

(10)
[40]

EN/OF

VRAAG 5: ANTIEKE GRIEKSE KUNS

5.1 Beskryf die verskillende soorte suile wat deur die Grieke gebruik is. Jy kan 'n benoemde diagram insluit. (12)

5.2 Met verwysing na voorbeelde, beskryf kortliks die verskillende tonele wat die antieke Grieke op die kruike geverf het. (5)

5.3 Noem DRIE soorte Griekse kruike. (3)

5.4 Die antieke Grieke het baie mense met hul begrip en uitbeelding van die menslike figuur geïnspireer.

Bespreek enige TWEE beeldhouwerke wat jy bestudeer het wat hierdie mening weerspieël. (2 × 10) (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 6: ANTIEKE ROMEINSE EN VROEË CHRISTELIKE KUNS

6.1 Beskryf die vele faktore wat die kuns van antieke Rome beïnvloed het. (5 × 2) (10)

6.2 Noem DRIE suile wat in die Colosseum gebruik is. (3 × 2) (6)

6.3 Die Romeine het dikwels mosaïekkuns gebruik.

Verduidelik wat dit is en ook waar dit gebruik is. Verskaf bepaalde voorbeelde. (4)

6.4 Kies enige TWEE beeldhouwerke uit antieke Rome en die vroeë Christelike kuns wat jy bestudeer het en bespreek in besonderhede. (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 7: MIDDELEEUSE KUNS (ROMAANS EN GOTIES)

7.1 Wat was die doel van die drakekopspuiers ('gargoyles')? (2)

7.2 Wat is 'n *steunboog* en waar word dit gebruik? (3)

7.3 Verduidelik die doel van die *roosvenster* in Gotiese argitektuur. Oorweeg die volgende:

7.3.1 Plasing

7.3.2 Effek

7.3.3 Ligging

7.3.4 Tegniek

(10)

Kopiereg voorbehou

7.4 Bespreek in besonderhede enige Middeleeuse of Gotiese katedraal wat jy bestudeer het. (25)
[40]

EN/OF

VRAAG 8: RENAISSANCEKUNS

8.1 8.1.1 Wat beteken die term *Renaissance*? (1)

8.1.2 Waarom is dit 'n gepaste naam vir hierdie beweging? (2)

8.2 Noem TWEE uitvindings van die tydperk. (2)

8.3 Noem EEN kunstenaar uit die Vroeë Renaissance en gee 'n voorbeeld van sy werk. (2)

8.4 Wat is die verskil tussen *lugperspektief* en *lynperspektief*? (2)

8.5 Noem EEN gebou wat deur Michelangelo ontwerp is. (1)

8.6 Giotto is beskou as die 'vader van Renaissance'.

Bespreek EEN van sy of van enige ander kunstenaar uit die Proto-Renaissance se kunswerke en toon hulle invloed op die Renaissance-beweging. (10)

8.7 Bespreek EEN skildery en EEN beeldhouwerk uit die Hoogrenaissance met betrekking tot die vernuwende tegnieke wat in hierdie tydperk ontwikkel is.
(2 × 10) (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 9: BAROKKUNS

Skryf 'n opstel oor die kunswerke van TWEE Barokkunstenaars. Jy kan na meer as EEN kunswerk van elk van hierdie kunstenaars verwys. Sluit by jou bespreking in:

9.1 Naam van kunstenaar en kunswerk

9.2 Medium

9.3 Leerstof

9.4 Eienskappe van toepassing op Barok

9.5 Klem op drama, beweging en ruimte

9.6 Invloed van lig en donker

(2 × 20) **[40]**

EN/OF

VRAAG 10: ROMANTIEK, NEOKLASSISISME EN REALISME

10.1 Kies EEN van bogenoemde bewegings en beantwoord die .

10.1.1 Bespreek hoe die gemeenskap, politiek en die ekonomie die kunswerk van die tyd beïnvloed het. (10)

10.1.2 Verduidelik die eienskappe van jou gekose beweging deur na TWEE kunswerke van daardie tyd te verwys. (20)

10.2 Hoe verskil die beweging wat jy gekies het om te bespreek, van die ander twee bewegings? (10)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou